Prof. v.d. Walt. [1]

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA - UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA.

(AFDELING EKSTERNE STUDIE) - (DIVISION OF EXTERNAL STUDIES).

# NUUSBRIEF - NEWS-LETTER.

No. 2. Mei/May, 1947.

---

## BRIEF VAN DIE DIREKTEUR.

Geagte Studente,

Ek vertrou dat u by die tyd wanneer u hierdie Nuusbrief ontvang reeds goed op dreef is met u studie. In my eerste brief het ek u gevra om bietjie geduld te beoefen wanneer daar vertraging in die aflewering van studie-aantekeninge plaasvind. In die geval van 'n paar kursusse het vertraging as gevolg van personeelwisseling wel voorgekom, maar ek is dankbaar om u nou die versekering te kan gee dat u voortaan gereeld van studie-aantekeninge voorsien sal word en ek wil u weereens die versekering gee dat u die laaste groepe aantekeninge nie later as 15 September in u besit sal hê nie. Verder wens ek die volgende onder u aandag te bring:

(a) U mag die studie-aantekeninge behou.

Op sy jongste vergadering in April het die Universiteitsraad die belangrike besluit geneem dat studente besitreg verkry op die studie-aantekeninge waarvoor hulle betaal het. Aantekeninge sal dus nie aan die einde van die jaar van u terugge-eis word nie, maar u sal hulle kan behou vir toekomstige gebruik.

Met die oog op hierdie groot tegemoetkoming van die Raad aan studente wil ek u aandag weer met nadruk vestig op die onderneming wat u by u inskrywing as student onderteken het, naamlik, om die kopiereg van die Universiteit op alle studie-aantekeninge en ander vorme van studiehulp te respekteer en te beskou as vir u private en persoonlike gebruik alleen bedoel.

(b) Handboeke.

'n Struikelblok in die weg van behoorlike studie bly nog steeds die ontredderde toestand van die wêreld-boekemark. Desnietemin het ons daarin geslaag om vir die meeste kursusse die noodsaaklikste handboeke te verkry. In verband met 'n paar kursusse, soos bv. Ekonomie III bly

die/...

die posisie onbevredigend en studente word aangeraai om gebruik te maak van hulle naaste biblioteek indien moontlik.

In hierdie verband wil dit my voorkom of studente nog nie genoeg gebruik maak van handboeke nie. In sommige kursusse is die aanvraag na handboeke onbevredigend. Ek kan nie genoeg nadruk lê nie op die noodsaaklikheid daarvan om u aantekeninge behoorlik, volgens instruksies, aan te vul met die studie van die aanbevole en beskikbare handboeke .

Aan die ander kant skyn daar by sommige studente die gedagte te bestaan dat ons van hulle vereis om al die handboeke en naslaanwerke waarna verwys word deur te werk om in die eksamen te slaag. Dit is nie die geval nie. Die minimumnoodsaaklike word vir u gewoonlik aangedui. Die ander word gegee vir verdere en meer deeglike studie. Ons verwag nie dat u boeke wat u nie kan bekom, moet bestudeer nie. Moet dus nie in paniek verval wanneer u een of ander handboek of naslaanwerk waarna verwys word nie in die hande kan kry nie. Sorg net dat u in elk geval die boeke wat ons tot u beskikking stel, aanvra en gebruik.

(c) Ek vestig weer die aandag van studente op hulle reg om hulle studie-moeilikhede aan ons voor te lê. U sal in elke geval die onmiddellike en weloorwoë advies en hulp van u dosente verkry.

(d) Dit wil my voorkom of te min studente gebruik maak van die geleentheid om studietake te beantwoord en in te stuur. Onthou dit is 'n baie goeie middel om effektief te studeer en om te oefen vir die eksamens. Die kommentaar van die dosente op u werk behoort vir u van onskatbare waarde te wees en sal u vrywaar van nodelose foute en dwalinge by die eksamen.

(e) U word nogmaals uitgenooi om mee te werk aan ons nuusbrief. Vertel ons van u moeilikhede, u ervaringe as student, u prestasies. Dit sal welkom wees. Net een voorwaarde: maak dit kort en pittig.

Hoogagtend die uwe,

A.J.H. VAN DER WALT.

DIREKTEUR.

LETTER/...

## LETTER FROM THE DIRECTOR.

Dear Students,

I trust that when this News-letter reaches you, you will be well on your way with your studies. In my first letter I asked you to exercise some patience if you should find that the dispatch of lesson-outlines was somewhat delayed. Although some delay in a few courses of study was occasioned by staff changes, I am pleased to be able at this juncture to give you the assurance that from now onwards your lesson-outlines will be regularly dispatched, and to confirm the assurance previously given that the last series of lessons will reach you not later than September 15. Your attention is further drawn to the following remarks:

(a) <u>You are allowed to retain the lesson-outlines.</u>

At the last meeting of the University Council in April, it was decided that lesson-outlines for which students have paid, remain their personal property. You are therefore no longer required to return these lessons to us at the end of the year, but are free to retain them for future use. This is an important concession granted to students by the Council. For this reason I again strongly appeal to you to abide by the undertaking signed by you on admission as a student, to honour the copyright of the University on all lesson-outlines and other helps to study and to regard them as exclusively meant for your private and personal use.

(b) <u>Text-books.</u>

Dislocation in the world's book market still continues and remains an impediment to satisfactory study. In spite of this disability we have fortunately secured the most essential text-books for most courses of study. In the case of a few courses, Economics III for example, the situation remains unsatisfactory, and students are advised to make use of their nearest library if this is in any way possible.

In this connection I am inclined to believe that students are not making full use of text-books. For some courses of study the demand for text-books is unsatisfactory. The necessity of supplementing your lessons by a knowledge gained from the study of the recommended and available text-books cannot be too strongly stressed.

Other students again seem to labour under the mistaken idea that, to pass the examination, it is compulsory for them to study all the recommended text-books and works of reference.

You/..

You are reminded that only the minimum of what is essential is usually indicated. All other works are recommended for their additional informative value towards more comprehensive study. You are not required to consult books which are not available. You need not be alarmed or perturbed if certain text-books or works of reference are not obtainable, so long as you make a point of studying those books which we are prepared to offer you.

(c) Students are again invited to exercise their right to lay all their difficulties before us. Whatever these may be, you may at all times rely on the immediate and well-weighed advice and assistance from the staff.

(d) It would appear that too few students avail themselves of the opportunity of performing and submitting the given tasks. I have to emphasize that these tasks are excellent guides to effective study and that they serve as practice for the examination. The comments offered on your work should prove invaluable to you and help to obviate unnecessary errors and misconceptions at the examination.

(e) You are again invited to collaborate with us in our news-letter. Submit your problems, tell us of your experiences as students and of your achievements. These will be welcome. There is only one condition : be brief and concise.

Yours faithfully,

A.J.H. VAN DER WALT.

<u>DIRECTOR.</u>

## ONDERSKEIDING.

MNR. C.F.J. MULLER, hoof van die Departement Geskiedenis van ons Afdeling, het onlangs berig ontvang dat hy aan die vereistes vir die graad D.Phil (met lof) in Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch voldoen het. Dr. Muller het onder prof. H.B. Thom gepromoveer op die proefskrif : Die Britse Owerheid en die Groot Trek. Dit is die eerste doktorsgraad wat sedert 1926 met lof in die Geskiedenis op Stellenbosch behaal is.

Dr. Muller is op 26 Junie 1916 gebore. Hy is die seun van Mev. en Wyle dr. Tobie Muller van Stellenbosch. Sy hoërskool-opleiding het hy aan die Hoër Jongenskool, Stellenbosch ontvang. In 1936 het hy die B.A.-graad met lof aan die Universiteit van Stellenbosch en in 1938 die M.A.-graad, ook met lof, aan dieselfde Universiteit behaal.

Dr. Muller is sedert September 1946 as senior-lektor en hoof van die Departement Geskiedenis aan die Afdeling Eksterne Studie werksaam.

---

## TO ALL STUDENTS OF ENGLISH.

Please note that in 1949 much of the literary history with which the English courses are at present over-loaded will disappear from the syllabuses of the University of South Africa.

What of 1947 and 1948 ?

No competent examiner will frame questions requiring you to exhibit a mere reference-book acquaintance with works you have not read. I advise you, therefore to choose one poet, one playwright or novelist, and one essayist from the many glanced at in the year's work, and to concentrate on these. Read their works. Don't choose writers whose works you can't obtain. Aim at discovering the intellectual content of the works you read, and at inter-preting this in the plainest possible language - in Basic English if you like.

Here are some questions always worth answering:

(1) How does your author interpret life ? What does he believe to be its purpose ? Or why does he assume it to be purposeless ?

(2) What meanings does he give to the following terms:

good, evil, wisdom, folly, beauty, ugliness, courage, cowardice, duty, mind, love ?

(3)/...

(3) To which does he attach more significance: what he is saying, or the way in which he says it ?

(4) What devices does he use to make his utterances seem:

(a) worth uttering,

(b) novel, profound, moving, amusing.

If you wish to know that such questions imply, study I.A. Richards's "How to Read a Page". Professor Creig's "Language at Work" and Biaggini's "The Reading and Writing of English" will help you, too.

---

## DEPARTMENT OF ENGLISH.

### COMPETITION I. (Open to all candidates registered with the External Division.)

"Once he swallowed for a wager
Bottles six of German lager."

The Department of English offers a prize of one guinea for a ballad of sixteen lines in eye rhymes which are not ear rhymes.

(From the "Week-end Competitions" of "The New Statesman and Nation").

Entries must be addressed:

"English Department, (Competition I), Division of External Studies, University of South Africa, P.O. Box 392, Pretoria."

Closing date June 28th, 1947.

---

### Seminar

All candidates in English, enrolled in the Division, are requested to submit arguments (of not more than 200 words) supporting or opposing the following propositions:

1. The notion that poetry deals especially with flowers and sunsets is harmful to the understanding of poetry.

2. The intensive reading of verse provides a discipline in exactness, intellectual resource, and alertness.

---

GELIJKWENSE/...

## G E L U K W E N S E :

VAN MEJ. E.A. COETZEE:

„Ek vind die lesings wat ek sover ontvang het van 'n baie hoë standaard en dit is met ware lus dat ek die studie voortsit"..........

VAN MNR. THEO E. SCHOLTZ, PORT ELIZABETH:

„Graag wil ek hierdie geleentheid te baat neem om u en u staf te felisiteer op die gehalte lesings wat u aan ons stuur. Die vertalings is juis en suiwer, en dit is 'n genot om daaraan te werk, asook om die oordeelkundig opgestelde vrae te beantwoord. Waar ek die afgelope drie jaar alleen en in die duister moes spartel, somtyds met die hulp van hopelose en oorbodige lesings, kan u dus verstaan dat my opregte dank en waardering des te groter is noudat ek die welwillende leiding van professionele persone geniet. Mag daar veel seën op u werk rus."

VAN MNR. J.H. SCHOEMAN, SENEKAL:

Dit is vir my 'n besondere genoeë om die ontvangs te erken van die lesings wat ek vanmôre gekry het. Laat my toe om u hartlik geluk te wens met die goedversorgde en nette voorkoms van die werk. Dit gee 'n mens sommer lus en vertroue. Ek dink ek kan met redelike gesag praat uit my eie ondervinding.

---

## AAN ALLE STUDENTE, VERAL DIÈ WAT BELANGSTEL IN AARDRYKSKUNDE.

### SPREUKE, BYGELOWE EN GEWOONTES I.V.M. DIE WEER.

In ons land, met sy groot afstande, wisselende klimate en verskillende rassoorte, bestaan daar uiteenlopende opvattings i.v.m. alledaagse natuurverskynsels. Die weersaangeleenthede is seer sekerlik een van die populêrste natuurverskynsels en daarom ook die veelvuldige, gevatte gesegdes onder die verskillende rasse-elemente van die land. En bygelowe! Luister maar: As die weer dreun, durf jy nie praat nie! As die reënboog verskyn, is die reën verby! As die maan groei, is dit die beste planttyd vir bogrondse gewasse; as die maan taan, is dit die tyd vir die wortelgewasse! As my rumatiek erg pla, kom dit gewis reën en so meer! Maar miskien skuil daar tog waarhede in sommige van hierdie bygelowe.

Daar/...

Daar word selfs op gewoontes van die dier gelet om te bepaal of dit gaan koud word, droog bly; reën, of wat ook al.

Graag verwelkom ons die medewerking van alle studente in Aardrykskunde en Volkekunde, asook enige ander student wat geïnteresseerd is om soveel voorbeelde van spreuke, bygelowe en gewoontes as moontlik i.v.m. die weer bymekaar te maak en aan ons te stuur. Indien u ook die oorsprong, verklaring, ens. kan insluit, soveel te beter. Vir die geograaf sal dit nie alleen meer belangstelling in sy weerkunde wek nie, maar dit sal 'n aangename tydverdryf vir enige student beteken.

Luister mooi hoe die naturel of die boer die menigte verskynsels verklaar. Hoe weet die boer wanneer dit op sy plaas gaan reën, of wanneer groot droogtes aan die kom is ?

Miskien is die boer en die naturel nog 'n beter weervoorspeller as die moderne, opgeleide meteoroloog! Wie weet!

---

## BOEKBESPREKING.

Ek het so ewe die pasverskene werk Maar, Agter die Masker... (Unie-Boekhandel (Edms.), Bpk., Pretoria, 1947) deur u Senior-lektor vir Sielkunde, mnr. A.S. Roux, deurgewerk in verband met my studies vir die M.A.-kursus in Sielkunde.

As student wat besonder veel baat gevind het by die bestudering van die werk wil ek dit sterk by medestudente aanbeveel. Veral studente in die Sielkunde, die Opvoedkunde en die Sosiologie sal die bespreking van allerlei afwykingsverskynsels, die indeling van geestesafwykinge, die afsonderlike hoofstukke oor neurastenie, histerie, schizophrenie, e.d.m., asook die aanduidings rakende die huweliks- en gesinslewe baie waardevol vind.

Die eenvoudige dog boeiende wyse waarop die werk geskryf is, maak dit toeganklik vir enige leser. Die gedagte - „Laat ons dus ons oë en ons sinne gedurig na die volle lig van die praktiese lewe rig" - is 'n boodskap wat nooit meer van pas kon gewees het as in die tye waarin ons leef nie. Op bekwame wyse laat die skrywer die leser homself beter verstaan en die probleem van menswees in sy sielkundige verband begryp. Besonder treffend is die simpatieke en gevoelvolle wyse waarop die veelvuldige aspekte van hierdie probleem toegelig word. Dit, tewens, gee blyke van die skrywer se eerlike begeerte om van diens te wees en bewaar dwarsdeur die werk 'n warme kontak tussen leser en skrywer.

Nie net die student nie, maar enige gewone leser wat begerig is om homself en ander beter te verstaan, sal hierdie werk van mnr. Roux van groot waarde vind.

A.J. VORSTER.

NAAM/...

## NAME OF UNIVERSITY MAGAZINE.

We have on a previous occasion expressed our intention of publishing a University periodical as soon as possible, perhaps next year, in the form of a quarterly or half-yearly magazine to take the place of the present news-letter. A prize of £1. is offered for the most appropriate name for our magazine. Each competitor may submit one name. The closing date is July 15 and contributions should be forwarded to the Director, Division of External Studies, P.O. Box 392, Pretoria. Suggestions and names previously submitted will also be considered.

## NAAM VAN UNIVERSITEITSTYDSKRIF.

Soos vroeër reeds gemeld, is ons van plan om hierdie nuusbrief so gou moontlik, miskien nog aanstaande jaar, te vervang deur 'n tydskrif wat die vorm sal aanneem van 'n kwartaalblad of halfjaarlikse blad. 'n Prys van £1.0.0. word aangebied vir die beste naam wat ingestuur word. Elke mededinger of mededingster kan een naam instuur. Die sluitingsdatum is 15 Julie en bydraes moet gestuur word aan die Direkteur, Afdeling Eksterne Studie, Posbus 392, Pretoria. Wenke en name wat reeds ontvang is, sal in aanmerking geneem word.

---